No. 1463 20 Augustus 1976

## VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby 'n gedeelte van Erf 391, Bathurst, met die historiese kruithuis daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

'n Gedeelte van Erf 391, geleë in die Munisipaliteit en administratiewe distrik Bathurst, met die historiese kruithuis daarop, synde figuur A B C D E A, soos aangetoon op Landmeterskaart LG 5611/66 geliasseer by die kantoor van die Landmeter-generaal in Kaapstad, en groot as sodanig 27 801 vierkant voet.

Transportakte 28652/1975, gedateer 23 September 1975.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die historiese kruithuis te Bathurst is in 1821 opgerig en het ongeveer 273 kilogram kruit, 7 000 koeëlpatrone en 60 gewere as gewone voorraad gehou. Dit is 'n besondere voorbeeld van Britse militêre argitektuur van die vroeë agtiende eeu en vorm 'n belangrike skakel met die geskiedenis van die Oostelike Provinsie. 10/2/450.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1463 20 August 1976

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare a portion of Erf 391, Bathurst, with the historic powder magazine thereon, to be a national monument.

*Description*

A portion of Erf 391, situate in the Municipality and Administrative District of Bathurst, with the historic powder magazine thereon, being figure A B C D E A as shown on Land Surveyor's Diagram SG 5611/66, filed at the Office of the Surveyor General in Cape Town and measuring as such 27 801 square feet.

Deed of Transfer 28652/1975, dated 23 September 1975.

*Historical and architectural interest*

The historic powder magazine at Bathurst was erected in 1821 and carried, as regular stock, approximately 273 kilograms of gunpowder, 7 000 ball cartridges and 60 rifles. It is an excellent example of British military architecture of the early eighteenth century and an important link with the history of the Eastern Province. 10/2/450.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1464 20 Augustus 1976

## VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese gebou bekend as Bachelors, geleë op die Restant van Erf 1836, Van Ryneveldstraat, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese gebou bekend as Bachelors, geleë op die Restant van Erf 1836, Van Ryneveldstraat, Stellenbosch (voorheen bekend as die resterende gedeelte van sekere stuk grond bekend as Willow Grove, synde gedeeltelik vrypag- en gedeeltelik erfpaggrond, geleë in die afdeling Stellenbosch) en groot as sodanig twee (2) morg en drie-en-twintigduisend driehonderd drie-en-negentig (23 393) vierkante voet.

Transportakte 6329/1917 (paragraaf 1) gedateer 15 Augustus 1917.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die oorspronklike gedeelte van die historiese Bachelors-gebou is tussen 1786 en 1799 opgerig. Die gebou is later in 'n dubbelverdieping- Georgiaanse woonhuis omskep en in 1903 as losies-inrigting vir studente in gebruik geneem. Dit is die oudste gedeelte van die oudste universiteitskoshuis van Stellenbosch en talle bekende persoonlikhede in Suid-Afrika se openbare lewe het gedurende hul studentejare hier tuisgegaan. 10/2/457.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1464 20 August 1976

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic building known as Bachelors, situate on the Remainder of Erf 1836, Van Ryneveld Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic building known as Bachelors, situate on the Remainder of Erf 1836, Van Ryneveld Street, Stellenbosch (formerly known as the remaining extent of certain piece of ground known as Willow Grove, being partly freehold and partly quitrent land, situate in the Division of Stellenbosch) and measuring as such two (2) morgen and twenty-three thousand three hundred and ninety-three (23 393) square feet.

Deed of Transfer 6329/1917 (paragraph 1), dated 15 August 1917.

*Historical and architectural interest*

The original portion of the historic Bachelors building was erected between 1786 and 1799. The building was later altered into a double-storeyed Georgian house and it was taken into use in 1903 as a boarding establishment for students. It is the oldest portion of the oldest university residence of Stellenbosch and many well-known personalities in the public life of South Africa lodged here during their student years. 10/2/457.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.